

Inhoud Vergifnis wet evangelie restitusie vergoed liefde. Hierdie preek wys dat Christus ons deur die evangelie en nie deur die wet vergewe nie. Daarom mag ons mekaar ook nie meer deur die wet nie maar deur die evangelie vergewe. Vergifnis deur die wet beteken om jou sondes reg te maak en jou sondigheid reg te kry. Vergifnis deur die evangelie beteken dat Christus jou heilig, regverdig, skuldloos, foutloos en onberispelik vir sy liefde en diens maak deur sy lyding en opstanding. Om mekaar as medegelowiges te vergewe beteken dat ons Christus se vergifnis vir mekaar glo. Ons aanvaar mekaar soos Christus ons heilig, regverdig, skuldloos en foutloos vir sy liefde en diens maak. Die geestelikes van hierdie wêreld preek vergifnis as restitusie en vervulling met goddelike krag. Jy moet jou sondes reg maak met erkennings, berou en vergoeding, en dan jou self met God se goddelike krag reg kry. Binne vergifnis deur die wet gaan die liefde verlore.

Skriflesing Luk. 1: 69 – 78; Mat. 18: 21 – 35; Kolossense 1: 21 – 23.

Teks Kol. 1: 22 “sodat Hy deur sy dood julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel (Direkte Afrikaanse Vertaling)

Tema Ons glo in Christus en aan sy vergifnis.

1. Ons glo in Christus en aan sy vergifnis. Ons glo nie meer aan vergifnis volgens God se wet nie!

Geloof in die evangelie gaan ook oor geloof aan die vergifnis deur Jesus Christus. Jy kan nie in Jesus Christus glo sonder om aan die vergifnis wat Hy bewerk en gee te glo nie. Die tipe vergifnis wat die Here Jesus gee, word bewerk deur sy geboorte, lyding, kruisiging, sterwe, begrafnis, ter helle neerdaling en opstanding uit die dood, soos ons dit in die evangelie bely.

Christus vergewe ons deur wat Hy in sy lyding en opstanding doen. Christus vergewe ons nie deur die wet van God nie.

Dit is die besondere van die gelykenis wat wys dat ons mekaar onbeperk moet vergewe in Matteus 18. Die Here vertel hierdie gelykenis tussen die tweede en die derde aankondiging dat Hy Jerusalem toe gaan om veroordeel te word, oorgelewer te word aan heidene om Hom te spot, te gesel en te kruisig, en dat Hy dan na sy dood op die derde dag uit die dood uit sal opstaan. (Mat. 17: 22, 23; 20: 17 – 19)

Met hierdie gelykenis oor onbeperkte vergifnis openbaar die Here nou aan sy dissipels hoe gaan Hy sondaars se sondes vergewe deur sy lyding en opstanding. Hy gaan sondaars nou op 'n heel ander manier vergewe as wat vergifnis deur die wet van God werk.

Ons glo in Christus en aan sy vergifnis

Hierdie gelykenis wys ons moet in Christus en aan sy vergifnis glo, en nie meer glo aan die vergifnis volgens God se wet nie.

2. Petrus vra die Here spesifiek oor vergifnis tussen medegelowiges en die Here se antwoord gaan ook spesifiek oor vergifnis aan medegelowiges. Petrus vra hoeveel keer hy 'n broer wat teen hom sondig moet vergewe (Mat. 18: 21) en die Here pas die gelykenis spesifiek toe op vergifnis van 'n medebroer in die geloof. (18: 35)

Petrus se vraag oor vergifnis gaan oor hoe vergewe jy 'n medegelowige volgens die wet van God. Ons mag nie Petrus se vraag hier toeskryf en verstaan volgens sy eie gesindheid van onvergifnis nie. Petrus wys nie sy eie gesindheid oor vergifnis met hierdie vraag nie, maar oor die beperking wat die wet van God op vergifnis plaas.

Die beperking op vergifnis word nie deur Petrus se houding, liefde, strengheid of hardvogtigheid bepaal nie, maar deur die wyse waarop mense mekaar volgens God se wet moet vergewe. Dit wet self stel 'n beperking op vergifnis. Petrus is eintlik hier besig om hierdie beperking van die wet tot op sy uiterste te vat met sy eie barmhartigheid en vergewingsgesindheid.

Hoe werk vergifnis volgens God se wet?

Dit werk só! Jy word vergewe as jy regmaak wat jy verkeerd gedoen het en jouself regkry om dit nie weer te doen nie.

Wie sy eie oortreding van God se wet regmaak en homself regkry om dit nie weer te doen nie, kry volgens die wet van God vergifnis by God. Wie sy oortreding regmaak en homself regkry om nie weer dieselfde sonde te doen nie, het homself teenoor God geregverdig.

Vergifnis volgens die wet gaan oor regverdigmaking: jy moet jou oortreding reg maak en jouself kry om nie weer dieselfde oortreding te begaan nie.

3. Dit is die bedoeling van Petrus se vraag aan die Here: hoeveel kans kry jy om vir dieselfde sonde jou oortreding reg te maak en jouself reg te kry om dit nie weer te doen nie.

Petrus se voorstel oor sewe keer is 'n vraag oor hoeveel kanse kan jy kry om vir dieselfde sonde reg te maak en jouself reg te kry!

Sy vraag gaan nie oor foute nie, maar sondes! Ons mag nooit maak asof sondes foute is of andersom nie. 'n Fout is om nie die hekpaal te sien as jy agteruit ry en dit stamp nie. 'n Sonde is wanneer jy die paal stamp omdat jy kwaad is vir jou man of vrou en sy kar aspris stamp!

Ons glo in Christus en aan sy vergifnis

Sondes gaan oor onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug tweespalt, skeuring, afguns, dronkenskap, orgies en al dergelike dinge, soos Paulus dit onder andere in Gal. 5 beskrywe.

Daarom moet ons Petrus se vraag só hoor: Hoeveel keer gee jy 'n medegelowige kans om wat hy met sedeloosheid, jaloesie, woede, selfsug en haat met jou doen, reg te maak en homself reg te kry om jou nie so te hanteer nie?

4. Daarom is Petrus se voorstel nie 'n bewys van sy onvergewingsgesindheid nie, maar van die beperking van die wet van God in die lewe van medegelowiges! Want sy voorstel beteken dat wanneer ek my medegelowige sewe keer na mekaar die kans gegee het om met my oor dieselfde sonde reg te maak, en na sewe keer maak hy dit nie reg nie en kry hy homself nie reg nie, dan het hy mos bewys hy gaan dit nooit reg maak of homself reg kry nie!

En dan gaan dit nie oor die getal sewe, wat eintlik die volmaakte getal is as sulks is nie, maar net oor die werklikheid daarvan dat hy nie wat hy verkeerd gedoen het gaan reg maak nie en hy gaan ook nie homself reg kry vir wat hy verkeerd doen nie.

Dit is mos hoe die wet van God werk – as jy dit na sewe kanse nog nie reg gemaak het nie en nog nie jouself reg gekry het nie, dan wys die wet van God jou, jy gaan dit nie reg maak nie en jy gaan jouself nie regkry nie.

Petrus se barmhartigheid volgens God se wet kan nie verder strek as sewe keer nie, want na sewe keer is die 'n bewese saak: hierdie persoon gaan nie regmaak en regkom nie! En daarom beteken Petrus se vraag eintlik: wat maak jy met iemand wat bewys dat hy sy sondes teen jou nie gaan reg maak en self nie reg gaan kom nie!

Die antwoord is baie duidelik volgens God se wet: as iemand nie reg maak en regkom met sy oortreding nie, is daar nie meer vergifnis nie! Jy moet reg maak en jy moet regkom! Hoekom jy sewe keer vergewe word, is omdat ons kan sien jy probeer, jy wil en gaan regmaak en jouself reg kry! Barmhartigheid is daarom iets wat ons gee sodat mense die kans kan kry om hulle en hul oortreding te kan reg kry!

5. Dit is teenoor hierdie manier waarop jy deur die wet van God vergifnis kry, om jou oortreding en jouself reg te kry, dat Christus dan vir Petrus stel dat binne die evangelie wat Hy nou vir hulle 'n tweede en derde keer aangekondig het, moet jy jou medegelowige sewentig maal sewe vir dieselfde sonde vergewe!

Jesus gee nie hier 'n getal waarvan jy oor 'n oortredings moet boekhou nie. Met hierdie getal wys die Here dat die vergifnis wat Hy gee nie meer vergifnis volgens die wet is nie. Dit is nou vergifnis volgens die evangelie van die Here se lyding en opstanding!

Ons glo in Christus en aan sy vergifnis

Daarom is die gelykenis 'n openbaring van die verskil tussen hoe vergifnis werk as dit volgens die evangelie van Christus werk teenoor hoe vergifnis volgens die wet van God werk.

Die verskil tussen die koning se manier van vergewe en die slaaf se manier van vergewe gaan nie oor dit wat te veel is om te vergewe en dit wat so min is dat dit maar vergewe kan word nie. Nie een van die twee slawe kon hul skuld terug betaal nie. Die een wat die koning 60 miljoen rand geskuld het, kon dit nie terug betaal nie en die slaaf wat sy medeslaaf 'n honderd rand geskuld het, kon dié ook nie terug betaal nie. Daarom vertaal die Nuwe Afrikaanse Vertaling “totdat hy die verskuldigde bedrag sou terugbetaal”, wat beteken hy kon dit nie doen nie. Die teenstelling gaan nie oor soveel dat dit nie betaal kan word teenoor soveel dat dit kan betaal word nie. Die teenstelling gaan oor die wyse waarop skuld vergewe word. Die slaaf met die R 60 miljoen skuld wou dit ook volgens die wet afbetaal. Hy wou dit regmaak en homself weer regkry! Toe word sy skuld op 'n totaal nuwe wyse gedelg. Hy maak dit nie reg en kry homself reg nie. Die koning maak sy skuld reg en laat hom reg wees omdat hy dit nie kan doen nie. Dit doen die koning net uit barmhartigheid uit.

Die teenstelling in sy optrede dat hy nie die skuld van 'n medeslaaf ook net uit genade kwytgeskeld het nie, wys dat hy nie glo in wat die koning met hom gedoen het nie. Hy bly steeds glo en optree soos wat hy onderneem het: “ek sal alles self regmaak en my self regkry”, al kon hy dit nie doen nie. Daarom hanteer hy ander mense se skuld ook so: jy moet regmaak en jouself regkry!

6. Hoe vergewe Christus, die koning ons?

Christus is in hierdie gelykenis die koning. Hy vergewe uit genade en nie volgens die eis van die wet: maak reg en kry jouself reg nie! Hy is die Here wat alle mag op hemele en op aarde het en Homself God met ons as sondaars maak! (mat. 28: 18 – 20)

Christus vergewe ons deur die evangelie, nie die wet nie. Dit is hoe Sagaria, Johannes die Doper se pa Jesus se vergifnis in sy loflied beskryf: Verlossing en redding is dat Christus bewerk dat ons God in heiligheid en geregtigheid onbevrees kan liefhê en dien. (Luk. 1: 74, 75 DAV) In vers 77 word hierdie geregtigheid en heiligheid wat Christus vir ons bewerk, vergifnis van sondes genoem.

Christus vergewe ons deur ons heilig en regverdig in sy liefde en diens te maak.

Dit is presies wat Paulus aankondig in Kolossense 1: 22: “maar nou het Hy julle met sy liggaam versoen, sodat hy deur sy dood julle heilig, sonder foute en onberispelik voor Hom kan stel.” Christus vergewe ons deur ons heilig, sonder foute en onberispelik voor God te stel.”

Ons glo in Christus en aan sy vergifnis

Ons het vir Mia wat net nou haar geloofsbelydenis hier in die erediens gaan aflê hierdie evangelie só geleer: Syne is myne en myne is syne. Dit is hoe Christus ons vergewe. Hy maak ons sondes syne en sy gehoorsaamheid ons sin. Daarom maak hy ons wat ons onself nooit vir God kan maak nie: volkome in ons liefde vir God, dit is heilig; reg in ons liefde vir God, dit is regverdig; sonder enige sondeskuld of oortreding voor God, dit is sonder foute en onberispelik.

Dit is hoe Christus die onmoontlike doen, om 60 miljoen rand se skuld reg te maak en my wat dit skuld reg te kry. Hy neem die skuld op Hom en Hy gee my sy verdienste, sy R 60 miljoen rand. En dit doen Hy uit sy genade uit. Vergifnis deur die evangelie is dat Christus my vir Hom se liefde en diens regverdig, heilig, sonder foute en onberispelik laat wees, terwyl ek nog sondes doen en dit nooit kan reg maak of myself so kan reg kry dat ek nie sondes doen nie.

Christus stel ons nooit weer voor die eis oor sondeskuld dat ons moet regmaak nie en oor sondigheid dat ons onself moet reg kry nie! Hy doen dit vir en met ons uit sy genade alleen.

7. Hoe moet medegelowiges mekaar vergewe vir die sondes wat hulle teen mekaar pleeg?

Hulle mag mekaar nie volgens God se wet vergewe nie!

Hulle mag nooit mekaar volgens God se wet probeer vergewe nie, want hulle self is nie deur die wet nie maar deur die evangelie sonder die wet, net deur Christus vergewe.

Dit is die skreiende van die slaaf se optrede. Hy wil nie sy medeslaaf vergewe op die wyse waarop hy vergewe is nie, maar op die wyse waarop hy onderneem het om sy skuld self reg te maak.

Wanneer doen ons wat hierdie ongenaakbare slaaf met sy medeslaaf gedoen het?

Wanneer ons glo ons maak ons sondes en onself vir God reg volgens sy wet! So maak hulle net soos die ongenaakbare slaaf met die koning gemaak het: wees net geduldig en gee my tyd. Ek sal myself regkry en die 60 miljoen rand se skuld reg maak! Dit is hoe mense vandag by God moet vergifnis kry volgens geestelikes. Jy moet jou hart, jou lewe en alles wat jy is vir God opgee en dan sal God jou sy goddelike krag gee om jouself reg te kry! Vir hierdie tipe vergifnis het geestelikes al spesiale woorde uitgedink: restitusie en vervulling met God

Restitusie beteken om reg te maak wat jy met jou sondes verkeerd gemaak het. En dit doen jy deur eers moet jy jou sondes erken, bely, wys jy is jammer en dan moet jy restitusie doen. Jy moet regmaak deur goed te doen as vergoeding. En dan moet jy

Ons glo in Christus en aan sy vergifnis

jouself reg kry deur God wat jou die goddelike krag sal gee om nie weer so sondes te doen nie.

As jy glo in hierdie vergifnis volgens die wet, dan maak jy met jou medegelowiges wat hierdie ongenaakbare slaaf met sy medeslaaf gedoen het: hulle moet hul sondes met jou reg maak soos jy glo jy jou sondes met god sal regmaak en jouself sal regkry! Hulle moet teenoor my restitusie doen en met God se hulp en krag hulle self regkry!

Om van harte jou medegelowige te vergewe beteken nooit om hom of haar met ontferming en barhartigheid aanhoudend en onbeperk kans te gee om wat hul gesondig het teen jou reg te maak en hul self reg te maak nie!

8. Ons glo aan die vergifnis van sonde! Ons glo daarom aan die vergifnis van sonde van hulle wat teen ons sondig! Ons bewerk of eis nie van mekaar vergifnis volgens God se wet nie.

Wat beteken dit?

Dit beteken om te glo aan wat die Here Jesus Christus vir en met my medegelowige gedoen het vir die sondes wat hulle teenoor my begaan!

Vir die sondes wat hulle teen my doen, glo ek vir hulle aan hulle heiligheid, regverdigheid, foutloosheid en onberispelikheid vir hierdie sondes voor God en teenoor my!

Vir die woede, die jaloesie, die haat, die sedeloosheid, die minagting, die hebsug, geslepenheid, afguns, twisgierigheid hooghartigheid, liefdeloosheid en onbetroubaarheid (Rom. 1: 29 – 31) waarmee jy my gekrenk het, glo ek vir jou jou heiligheid, regverdigheid, foutloosheid en onberispelikheid in Christus.

Daarom sal ek nie jou vergewe op die voorwaarde dat jy eers moet regmaak en jouself moet regkry nie! My vergifnis is ook nie om jou onbeperkte kans te gee om jouself eers reg te kry en jou sondes reg te maak nie. My vergifnis is om te glo in wie Christus vir jou is en jou vir hom laat wees, om jou te aanvaar soos Christus jou vergewe. Ek glo aan jou heiligheid, regverdigheid, jou foutloosheid en onberispelikheid in Christus, vir dit waarmee jy my gekrenk het.

9. Hoe kan dit?

Hoe kan dit anders? Hoe kan enige mens ooit die gekrenktheid wat hy of sy deur woede, jaloesie, haat, sedeloosheid, minagting, hebsug, geslepenheid, afguns, twisgierigheid hooghartigheid, liefdeloosheid en onbetroubaarheid (Rom. 1: 29 – 31)

Ons glo in Christus en aan sy vergifnis

weer reg maak? So reg maak dat jy in sy heiligheid en regverdigheid, sy foutloosheid en onberispelikheid in God se liefde en diens kan glo!

Hoe kan so man, vrou, kind, werkgewer, werknemer, gesagvoerder of onderdaan wat ander deur sonde gekrenk het ooit weer aanvaar word as iemand wat homself reg gekry het?

Mense kan nie sondes se skade regmaak of hul self van hul sondigheid regkry nie! Dit is hoekom sonde sonde is en nie maar net foute is nie. Wat mense met sonde verkeerd maak, kan mense nie weer reg maak nie en net so kan mense nie hul sondigheid regmaak om nie meer sondig te wees nie.

Dit kan net in Christus gebeur!

Hy verlos ons deur vergifnis van sonde! Hy neem ons sondes op Hom en laat ons deel in wie hy as gehoorsame mens is, net so is ons heilig, reg verdig, foutloos en onberispelik in en vir God se liefde en diens. En net so kan ons mekaar se sondes vergewe! Deur te glo aan Christus se vergifnis vir jou sondes vir jou teen my!

Ons is mekaar genadig deur in Christus se vergifnis vir mekaar te glo en nie om van mekaar te eis om reg te maak en reg te kom om vergifnis te ontvang nie! Om mekaar vir die sondes wat ons teen mekaar doen, te aanvaar as in Christus vir god se liefde en diens, heilig, regverdig, sonder foute en onberispelik!

Vergifnis deur die wet is niks ander nie as 'n slaaf wat die kans kry om 60 miljoen rand se skuld af te werk nie. Dit is nie vergifnis nie. Dit is die ongenaakbaarheid om iemand lewenslank te verdoem om reg te maak wat hy nie kan nie en reg te kom wat hy ook nie kan nie.

10. Hoe leef 'n mens so saam: ek glo dat jy vir die sondes waarmee jy my krenk en die manier waarop jy die mens is wat dit aan my doen, in Christus heilig, regverdig, foutloos en onberispelik is?

Hoe leef ons saam met mekaar as ons mekaar se vergifnis só glo en vir mekaar só toereken en aanvaar? Soos Paulus dit aankondig as die nuwe lewenswyse in die geloof in Christus en aan sy vergifnis: "Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê." (Rom. 13: 8)

Wie aan sy medebroer en suster se vergifnis in Christus glo en hom of haar so aanvaar, skuld mekaar niks vir sondes nie en wanneer ons mekaar niks vir ons sondes skuld nie, kan en mag ons weer teenoor mekaar die plig opneem om mekaar lief te hê en te dien. Dit is die vergifnis wat ons ontvang en dit is die vergifnis wat ons vir mekaar glo, aanvaar en toereken.

Ons glo in Christus en aan sy vergifnis

Wie mekaar volgens die wet probeer vergewe, kan nooit weer teenoor mekaar die plig opneem om mekaar lief te hê nie. Want vergifnis wat kans gee om reg te maak en jouself reg te kry, is vergifnis waar liefde uitgestelde liefde word. Jy kan eers weer liefde gee of ontvang wanneer jy jou oortreding reggemaak en jouself reg gekry het. Voor dit is liefde nou afwagting binne skuld!

En na sewe genadige en barmhartige kanse het jy bewys dat jy nie liefde werd is nie, want jy kan nie reg maak en jouself reg kry nie! Vergifnis volgens die wet is liefdelose vergifnis! Dit stel liefde uit vir restitusie en geestelike selfverandering en as dit nie gebeur nie, dan beëindig dit die liefde.

Wie aan die vergifnis van Christus glo vir hulle wat teen hulle sondig, kan weer hul medegelowiges skuldloos liefhê, kan hulle liefhê binne die heiligheid, regverdigheid, foutloosheid en onberispelikeheid waarin Christus hulle omvou.

11. Mia Sounes lê vanoggend openbare belydenis van haar geloof in die evangelie af.

Sy gaan openlik voor u erken dat sy glo in Jesus Christus en aan sy vergifnis. Ons het haar geleer dat met hierdie belydenis sy wegdraai van die wet as die wyse waarop sy haarself moet reg kry en reg maak. Ons het haar geleer die bekering waarmee jy tot God se genade keer is die geloof in Jesus Christus, nie die bekering tot die wet nie.

Mia bekeer haar self so tot Christus en sy vergifnis!

Met haar openbare belydenis verklaar sy ook dat sy glo in Christus en aan sy kerk as die gemeenskap van die heiliges. Sy glo dat Christus haar medegelowiges vir die sondes wat hulle teen haar gaan doen, heilig, regverdig, foutloos en onberispelik maak.

Dit gee haar die vryheid om in liefde te leef. Die skuldlose liefde en diens van God en die skuldlose liefde van gelowiges vir mekaar. Ons is die gemeenskap wat nie eis dat mense hulle sondeskuld teenoor ons moet reg maak en hul self eers moet regkry, voor ons liefde gee en ontvang nie. Ons gee en ontvang liefde vir en van mekaar omdat ons mekaar se skuldloosheid in Christus glo!

So leef ons in die verlossing wat Sagaria in sy loflied besing het: ons mag God onbevrees lief hê en dien omdat die seun wie vir ons gebore is ons heilig en regverdig maak as die wyse waarop God ons vergewe.

Kom ons neem Mia deur haar belydenis op in die gemeenskap van die heiliges, ons wie deur Christus vir ons sondes geheilig is vir God se liefde en diens.